

Touleier

Voor ek aangaan met Suid Korea, net gou vertel van Nicolene Minnaar van Hennenman. Lees asb. haar briefie verder af. Nicolene speel 'n belangrike rol in die aanwending van ons maandelikse skenking aan hulle daar om te probeer sorg dat die kleintjies nie honger ly nie en dat die babas doeke kry ensovoorts.

Dis vir my 'n groot vreugde om seker te maak dat ons lesers almal kennis dra van die mooi samewerking tussen Onsdorp.com se mense. Ons deel almal dieselfde taal en al is ons ook oor die wêreld versprei, staan ons saam en help mekaar waar ons kan. Al het meeste van ons mekaar nog nooit ontmoet nie, ken ons mekaar deur middel van Kammanuus! Op hierdie manier is ons familie.

Maar nou ja, waar was ons laas maand? Natuurlik! Goed aant suie aan die sopies Soju, drie-lae-varkspek en die opbou van spoed vir die karaoke, gaan ons aan tot die son sak. Ek is honderd persent oortuig daarvan dat die feit dat die tafels so naby die grond is, baie te doen het met die hoeveelheid Soju wat die ovaologies wegsit, veral as dit verbruik word met die toegevoerde slaaiblaarmetlewerpakkies wat mens moet afsluk.

Hulle is dan somer naby die grond en hoef nie om te val nie, want op daardie stadium, is regop bly staan maar eeffe moeilik. Verder verloor hulle ook uit die oog, die feit dat ouens soos ek, maklik twee keer meer weeg as een van hulle. My kapasiteit is verder nog mooi aangepas en opgradeer tydens my matie jare, my tafelronde dae en dan ook nog my tien jaar op die goudmyne. Geheime instansies waar hulle jou lewer leer om fiks te bly en reg vir enige skielike aanslag. Die gesousde Soju mannetjies het begin aandui dis tyd vir sing. Jare se oefening van opstaan vanaf die vloer het hulle nogal gehelp hoewel party maar baie gelyk het soos verkleurmannetjies wat al wiegend, nie weet waar om sy voet neer te sit nie.

Een vloer op.

Sagte donker rooi fluweel sofas teen elke muur..

Ons word in sulke donker gangetjies af gelei deur aanvallige dametjies met vêr te veel lipstiffie. Hulle deel ons in twee groepe want ons is te veel vir hulle lokale.

Ek en Ralph sing in die baas se span. Ons word in vertrek ingeneem wat so agt by vier groot is. Spieëls teen al die mure en die dak laat dit baie groter lyk. Sagte donker rooi fluweel sofas teen elke muur af met drank tafeltjies voor hulle. Teen die verste muur is die verhogie met drie mikrofone in hulle staanders. Twee groot TV skerms weerskante langs die ingang vertoon die Video's en woorde van die verkose liedjies. Die baas val weg met 'n gewilde Koreaanse liedjie. Aha, alles Koreaans!

Net toe ek wil begin ontspan, druk hulle nog 'n lys onder my neus. Die een, alles Westers! Vasgevang.

My oë val op 'n sekere liedjie. Bloos weer van voor af as ek terugdink aan ek en kamermaatjie se slaan-jou-naam-met-'n-plank dag daardie aand in Lesotho. Ons kies destyds toe mos ewe windgat 'Islands in the stream'. Ek Kenny Rogers en sy Dolly Parton. Probeer gerus daardie liedjie as niemand anders saam sing nie!

Jy besef skielik jy ken nie liedjie of die woorde nie. Stamel elke keer agter Islands in the stream aan, dis al wat uitkom. Dan hou die dêm ding nog 'n eeu lank aan ook. Nooit weer nie, dankie!



Ek speel toe maar veilig en sing *Hey Jude* gevolg deur daverende applous. Ons sing later dat die biesies bewe. Soveel so dat almal dit eens was dat Tjotjolosjha die beste liedjie ooit is!

RAAI RAAI RIEPA!

Wegkruipwoorde uit ons alledaagse woordeboeke.


Party het mettertyd uit die alledaagse gebruik verdwyn maar van hulle is lekker op die tong. Ons kan gerus dit weer begin sprinkel oor ons daaglikse geselsies.

Kyk hoeveel van die volgende K woorde jy ken en kan pas by hul prentjiemaats!

A: Kaserne, B: Kotiljons, C: Kennetjie, D: Katel, E: Kaseien, F: Katyf en G: Kasba



2



4



6



7




Antwoorde:

A=1 Kaserne, woonkwartiere van soldate. ,B=5 Kotiljons, Franse figurdans, soort vrolike boeremusiek nommer, jolige opskop, C=3 Kennetjie - kinderspeletjie met 'n houtjie en stok. Houtjie moet in 'n slootjie in die grond gegooi word om te wen. ,D=6 Bed. E=4 kaseien, Bestanddeel in melk wat kaas vorm. ,F=7, Slordige persoon, boemelaar G=2 Afrika fort of skansmuur rondom dorp.

Bakkiesboek Bakkerasies

Stuur vir ons jou snaakse boodskappe!



Hoofpyn in die slaapkamer
is SO laas dekade. Dra net
n ANC t-hemp bed toe.
Jou ander helfte sal
duidelik verstaan daar sal
daai aand geen
dienslewering wees nie.



‘n Vlaamse insig in ons Afrikaner Kultuur.

Linda Kestens vertel hoe die dinge wat ons doen, gelyk het vir 'n inkommer uit België. Watter is die mees geleesde tydskrif in Suid Afrika ? Huisgenoot !! (Kyknet advertensie)



Dit het my laat terug dink aan my eerste treetjies om Afrikaans op 'n prettige manier te leer.

Om die hoek van Ruitersstraat waar ons gewoon het, in Goodmanstraat, het Goody en Koen Viljoen gewoon. Ek kan nie meer onthou hoe ons paadjies gekruis het nie, maar elke Woensdagmiddag het ek by haar gaan tee drink met melk en suiker of Gold Cross kondensmelk.

Vir 'n koffieverslaafde soos ek, smaak tee nog steeds na al die jare na skottelgoedwater, behalwe natuurlik 'n lekker koppie Rooibos tee!

Omdat Goody die tee met so veel liefde voorgesit het, het ek dit maar afgesluk. In die sitkamer op 'n sytafeltjie was die Huisgenote netjies opgestapel volgens die weeklikse uitgawes.

Sy **leen** my die nuutste uitgawe, en daar lees ek toe in die gemak van my huis oor hartsake, skinderstories oor bekendes, Van der merwe grappies, ens.

Na die blootstelling aan Huisgenoot, word ek lid van Daan Retief se boekklub. Daarna was ek so opgewonde om my maandelikse pakkie in my posbus te ontvang,

'n Skatkis vol stories oor stoere Afrikanermans met die vroue as heldinne beskryf.

Later het ek Heinz G. Konsalik se boeke gelees. In daardie jare was ek ook maar jonk en jeukerig, en sy boeke was 'n bietjie meer opwindend.

Na die afsterwe van oom Koen het tannie Goody na 'n kleiner woonstel getrek, want geldjies was maar min.

Elke week het ek die nuwe Huisgenoot gekoop en vir haar gebring en saam het ons 'n koppie tee met kondensmelk gedrink.

Dis dieselfde tannie Goody wat my ook saam gevat na die vergaderings van die VLU (Vroue Landbou Unie) in Lydenburg, soos ek al voorheen vertel het.



Ek sluit af met 'n Vlaamse gedig van Pieter W. Grobbelaar.

Ik hebt mijn boekje lief
Wie hem steel, is een dief.
Die hem krijgt, breng hem weer,
voor een appel of een peer.
Die het niet doet
staat de galg voor goed,
toddad hy zegt: "O, toch, mijn heer,
hier heb gij uw boekje weer!



Giggels



Ek het vandag uit gevind 'n bottel brandewyn is genoeg vir 2 ouens... Maar dan moet een ou nie drink nie. 🍺🍺

BRIEWE BUS



Ons lesers skryf:

By air mail
Par avion

HENNENMAN – VRYSTAAT!

Hallo Hennie, Nicolene Minnaar hier vanuit Hennenman, dis tyd dat ons weer terugvoer gee oor wat gebeur met Kammanuus lesers se bydraes. Van die hulp wat ons kry, is nie in die vorm van geld nie!

Ek is al baie jare 'n leser van Kammanuus.” skryf tannie Joletta Kotze vir my in 'n epos Augustus verlede jaar – dis hoe ons paadjies gekruis het, so via Kammanuus se kanale! En dis nie net my paadjie wat met tannie Joletta s'n gekruis het nie – dit is sommer 'n groot deel van ons dorp (Hennenman) se mense wat paadjies kon kruis met haar. Tannie Joletta het teen daardie tyd al 'n klomp mussies gebrei (meer as twintig!), en hulle moes koppe kry om warm te hou. Is ons nie dankbaar dat ons in tannie Joletta se radar beland het nie! Want sedertdien het babatruitjies en -hoedjies, kleutertruitjies, selfs groter truie en die afgelope tyd 'n groot klomp KANSA-knockers* hulle weg gevind tot in Hennenman. Meer as 500km verder - eers per plaasbakke tot op Postmasburg en dan per koerier tot in die hartjie van die Vrystaat. (Vervolg onder)

een ding wat die lesers dalk nog nie weet van hierdie raakvat vrou nie.....,

“Ek hoop net my breisels is reg.” sê tannie Joletta so ewe in 'n whatsapp vir my. Vir my! Wat skaars as kind my hand kon waag aan tolletjie brei! Tannie se breisels is 'n geskenk uit die hemel en 'n seën vir elkeen wat aan die ontvangkant staan! Want bo en behalwe die pragtige breiervnuf is tannie Joletta se optimisme en positiewe uitkyk op die lewe aansteeklik. Elke keer wat ek 'n selfoon-boodskappie van haar kry voel ek gemotiveerd en geïnspireerd om iets vir iemand te beteken en nooit te mag ophou nie. Want die een ding wat die lesers dalk nog nie weet van hierdie raakvat vrou nie, is dat sy alreeds 80 kersies op haar verjaardagkoek doodgeblaas het!

Mag ons almal as ons 80 is nog elke dag uitkoop en ten volle benut. Mag ons almal as ons 80 is so optimisties wees dat dit die jonges kan motiveer. Mag ons almal as ons 80 is 'n verskil in ander mense se lewens maak – op watter manier ook al. En mag ons almal nie wag tot ons 80 is om dit te doen nie.

Tannie Joletta, ons Helpende Hand tak in Hennenman eer u. Dis ons voorreg om met tannie te kon paadjies kruis. Ons bid vir tannie en die oom die Here se rykste seën toe.

Groetnis uit Hennenman

Nicolene

* Die *knockers* is 'n KANSA-breiprojek waarby Helpende Hand ingeskakel het om oorlewendes van borskanker se lewe te vergemaklik.

‘n Wyse man het gesê: “Doen net die beste met wat jy het, daar waar jy is”

Boemerang Boertjie



Ray Theron skryf van daar doer onder

Bleek Bergies

Enigiemand wat 'n ruk lank in die Wes-Kaap vertoef het, ken van bergies. Dis nou die, meestal, Bruin haweloses wat 'n mens op straat aantref. "Bergies", omdat hulle in Kaapstad veral teen die berghange kamp opgeslaan het.



Ek het baie simpatie met hulle, want, toe ek self 'n hoes en 'n skrik van haweloosheid was, het ek ontdek hoeveel van hulle meer medemenslikheid as baie ander het. Maar hulle word ook met wantroue bejeën, ongelukkig omdat soveel van hulle verslaaf is aan alkohol (wat gewoonlik bekom word deur blou brandspiritus deur 'n dik stuk witbrood te filtreer – ook bekend as bloutrein) en dus die gepaardgaande probleme het soos geneigdheid tot diefstal, openbare onsedelikheid en 'n amper volslae gebrek aan enige soort van sosiale bewustheid. Ek het in Stellenbosch dikwels moes lag by aanhoor van 'n argument tussen Bergies en hul gesellinne. Maar dit was altyd 'n lag met traan nie te ver verwyder nie; dit is hartroerend hoe 'n mens se omstandighede in 'n oogwink kan verander en jy in 'n hele wêreld van smart, wanhoop, mistroostigheid en ellende gedompel word.

In 'n land soos Suid-Afrika is daar geen maatskaplike veiligheidsnet om van te praat nie. Skuilings vir die haweloses bied geen veiligheid, geen tydelike ontsnapping van die absolute hopeloosheid van 'n mens se omstandighede nie. Sopkombuise vervul 'n bewonderingswaardige rol, maar diegene wat net daar 'n kossie kan kry, bly afhanklik van die genade van ander. Daarom het ek baie begrip vir en medelye met mense soos bergies.

Maar hier in Osland is dinge baie, baie anders. Centrelink, die federale hulporganisasie vir werkloses en ander wat finansiële ondersteuning nodig het, is daar as 'n mens se lewe ineens in 'n nagmerrie verander. Organisasies soos die Heilsleer help ook mildelik, en hulle is nie die enigste nie. 'n Mens sou dus verwag dat mense hier nie in dieselfde ellendeval beland nie...

En, juis omdat daar soveel hulp, soveel bystand en soveel bereddering beskikbaar is in 'n land soos hierdie, is 'n mens geneig om die plaaslike variëteit van bergies met baie minder simpatie te bejeën. En ons het hulle, die bleek bergies van Onderkantland. Maar hulle is baie anders.

Toe ek van Melbourne af hier in Sydney se weste aanland, wag 'n helse kultuurskok op my. My eerste twee jaar bly ons in 'n buurt waarin daar staatsbestuurde woonstelblokke is. Aaklige baksteengeboue vol graffiti, vol vullis, vol swetsende "vrouens", vol dronk mans en kinders wat "vieslike klein k**t" genoem word. Hulle staan by Centrelink tou vir honderde dollars elke veertien dae (werkloosheidstoelae, toelae per kind, toelae vir enkel ouers, ens., ens., ens.) En dan gaan draai hulle by die naaste drankwinkel en dwelmhandelaar voordat hulle na hul amper gratis woonplekke terugkeer. En daar begin die geslaan van vrou en kind of man en kind weer van voor af. Baie kan nie eens wag tot hulle tuis is nie, maar loop al drinkende die straat af.

Ek het daar, vir die eerste keer in 'n sg. "ryk, ontwikkelde eerste wêreldse land" ervaar hoe mense hulp kan misbruik. Die groter gros is "blank", maar daar is ook 'n groot persentasie Aborigenes en Maori-immigrante onder hulle. En, iets wat ek nêrens anders, niê in Portugal, niê in Japan, niê in São Paulo nie, ervaar het nie: 'n busdiens wat nie ná 7 nm deur 'n sekere buurt loop nie, omdat die busse met klippe bestook is.

Met die klomp sukkel ek om enige medelye te hê. Mense wat uit hul verknorsing gehelp kan word, maar eerder in 'n waas van drank, dwelms, geweld en vieslikheid wil bly, verdien nie simpatie nie. En dit is een van die grootste euwels van 'n welsynstaat. - Ray

KAMMAWÊRELD



DEEL 2 - Daai Boom in die Bos: 'n Stille Wekroep

Ons Reeks oor die metafisika – Deur Maryna Blomerus

Die epiese kultusfilm, *The Matrix*, sentreer rondom die filosofiese konsep dat ons realiteit nie werklik is nie. Die film se held, Neo, ontdek dat sy wêreld een groot simulase is, bedryf deur 'n superslim kunsmatige intelligensie – die *Matrix*. Die film het vele wetenskaplikes en filosowe genoop om die moontlikheid ernstig te oorweeg. Volgens die Oxford-filosof, Nic Bostrom, is dit statisties byna 'n gegewe dat ons wel in 'n simulase (of 'n simulase-binne-'n-simulase-binne...) woon. Elon Musk reken dat die kans dat ons in die basisrealiteit woon een uit miljarde is.

Die filosoof, Immanuel Kant (1724 – 1804), het vir ons twee werklikhede voorgedra: daar is 1) die objektiewe werklikheid wat deur ons sinne geregistreer word en wat ons as 2) 'n subjektiewe, persoonlike werklikheid beleef. Laasgenoemde werklikheid bestaan slegs in ons skedels as 'n sensoriese rekonstruksie van die "rou data" wat deur ons brein met kleur, klank, reuk, smaak en tekstuur toegedig word.

Biskop Berkeley (1685 – 1753) het geglo dat ons subjektiewe werklikheid 'n illusie is. Dit is egter 'n misleidende oortuiging. Die werklikheid van ons sinne mag wel net 'n produk van die brein wees, maar dit is nietemin baie werklik en die enigste realiteit wat ons ooit sal ken. Die verwarring tree in wanneer ons ons *ervaring* van die werklikheid met die werklikheid self verwar. Filosowe van antieke Indië het van hierdie verwarring as maya gepraat. Maya word gewoonlik vertaal as illusie ('n valse persepsie van iets wat nie bestaan nie), maar maya kan beter verstaan word as 'n delusie ('n verwronge persepsie van iets wat wel bestaan).



Neem byvoorbeeld die rooi kleur van van 'n appelskil. Lig mag 'n spektrum van frekwensies hê wat ons as verskillende kleure waarneem, maar die lig self is nêrens rooi nie. Ook is die elektriese impulse wat van die oog na die brein oorgedra word, nie rooi nie. Daar is geen kleur daar te vind nie. Die kleur rooi word in die bewussyn geskep waar dit as 'n subjektiewe ervaring geregistreer word. Ons oë is nie vensters waardeur ons na die wêreld kyk nie.

..die vraag of 'n boom wat in 'n bos val 'n geluid maak...

Dieselfde geld vir klank. Toe Biskop Berkeley geredeneer het dat slegs persepsies werklik is, het daar 'n hewige debat losgebars oor die vraag of 'n boom wat in 'n bos val 'n geluid maak as daar niemand is om dit te hoor nie. Op daardie stadium was daar geen kennis van hoe klank in lug oorgedra word nie, of van die werking van die oor of brein nie. Vandag weet ons baie meer hieromtrent en is die antwoord 'n luide NEE. Daar is geen klank in die drukgolwe wat in die lug voortgedra word nie. Daar kan net klank wees as die nodige 'apparaat' om die klankgolwe as sodanig te verwerk en te vertolk teenwoordig is: 'n oor, 'n brein en 'n bewussyn.

Die soliede wêreld van ons persepsies gee dus mee as 'n sinuïglike interpretasie van elektromagnetiese golwe wat ons nooit direk kan waarneem nie, en die wêreld wat ons brein met kleur, klank, vorm en dies meer toedig, het nie 'n objektiewe bestaan 'daar buite' nie... 'daar buite' is eintlik net 'hier binne' in ons eie skedels.

Dit is egter een ding om te glo dat die boom wat in die bos val geen geluid maak as niemand daar is om dit hoor nie, maar is daar darem 'n boom wanneer daar geen waarnemer is nie? Wat het Albert Einstein genoop om te vra: "**Beteken dit dat die maan nie daar is as ek nie daarna kyk nie?**"

Meer hieroor in die volgende uitgawe!

Maryna

Spreekkamer-Stories.

Met 'n lepel vol lag.

Dr. Fana Malherbe



In die gange van die hospitaal sien 'n mens dikwels hoe die pasiënte in hul hospitaallêers sit en lees. Is dit uit verveling of nuuskierigheid? Seker maar laasgenoemde.

Hulle lees ook alte graag die verslag van die radioloog

in die groot koevert saam met die x-strale. En o, daardie koevertjie met die briefie van hul eie dokter aan die spesialis!

So ry tant Sarie met die trein van Laingsburg af Kaap toe. Die koevert met die brief aan die internis is toegeplak, maar haar nuuskierigheid kry die oorhand en die koevert word versigtig oopgetrek.

Op die briefie staan net een sin: *Vet gans, pluk goed.*



Soms is 'n grappie met die pasiënt onweerstaanbaar, maar dan moet sy reg gekies word sodat sy kan saamlag. Dis die dokter-pasiënt-verhouding op sy mooiste.

Terwyl die pasiënt aantrek, skrywe die dokter solank notas oor die ondersoek in haar lêer.

Sommerso met die kom-sit-slag sê sy: "Dokter, moenie my vertel dis al weer my eierstokke nie!

"*Eierstokke?* Nee jong, jou hele hoenderhok is in sy maai!"

Die dametjie is jonk getroud met 'n goeie, stil, skamerige man. Sy is baie gelukkig, "... maar dokter, wat kan ek doen om hom 'n bietjie vuriger te maak? Jy weet, dokter, die ergste van als is dat hy nie eens nuuskierig is nie!"



Agteros -kort voor slaptyd

Stories uit Dana Snyman se boek *Uit die binneland* – uitgegee deur NB uitgewers

OUMA PLAAS

Saterdagoggend vroeg ry ek uit die stad weg, verby Tarlton, verby Boons, die witgeripte Wes-Transvaalse vlaktes in. Na Ouma Plaas toe, wat nou al hoe lank in Huis Willie Posthumus se siekeboeg lê. Die twee, drie keer per jaar wanneer ek by Ouma Plaas gaan kuier, is al wanneer ek nog op die dorp kom — hier waar ons ook 'n jaar of twee gewoon en waar ek altyd vakansies vir Ouma-hulle kom kuier het. Oom Sarel Velle se negosiewinkel in die hoofstraat is deesdae 'n cash loan-plek, oom Koos se haarkapper is 'n R5-winkel, en waar ons jêmtertjies by Tuiskeur gekoop het, verkoop 'n Chinees nou eg nagemaakte Nike-tekkies. Oom Mike se kafee is darem nog daar maar oom Mike nie meer nie. Hy het glo op Margate gaan aftree. En elke keer wanneer ek by die NG kerk verbyry, is ek verbaas oor hoe die toring sedert my kleintyd gekrimp het. En elke keer besef ek my geloof in die Kerk het oor die jare ook so gekrimp. Huis Willie Posthumus het nie juis verander nie.

Ek hou onder die kareeboom in die straat stil, klim uit en lig die Woolworths-vrugteruiker van die agtersitplek of — my soenoffer aan Ouma omdat ek so min kom kuier. Die plek se dak is steeds rooi en die mure net so wit as die inwoners. Matrone-hulle het wel 'n traliede deur in die portaal laat aanbring nadat twee gewapende mans nou die dag daar ingestorm en die oumense beroof het. En in daardie lang, blink gange ruik dit steeds na medisyne. En kookvleis. En talcum powder. En Cobra-politoer. Ek beweeg so suutjies as moontlik, bang die ooms en tantes wat stil langs hul aluminium-walkers in hul kamers sit, gewaar my, keer my voor en begin my vertel hoe hulle in '34 soggens kaalvoet deur die ryp skool toe gestap het. Elke keer wanneer ek hier afstap, sien ek goed uit my verlore verlede wat ek al gedink het ek het vergeet: Goodyear-asbakkies met motorbandjies om, cameo-borsspelde, piepiepote, Pilot-radio's, waskomme en lampetbekers, afdrukke van 'n seuntjie met trane op sy wange. Die rowers was nie by Ouma Plaas in die siekeboeg nie.

Maar al was hulle hier, sou hulle nie veel kon vat nie. Op die kassie langs haar bed is net 'n glas water, 'n bottel Oros-aanmaakkoeldrank, 'n Zobo-wekkertjie, 'n potjie Vicks en 'n ou Bybel, oorgetrek met dieselfde plak-papier as dit waarmee die gang in haar dorpshuis uitgeplak was. Ouma Plaas lê op haar sy op die bed, haar gesig venster toe gedraai. Teen die muur hang 'n gehekelde Onse Vader, skeef geraam.

Hande wat eens op 'n tyd tertjies gevou en tamaties gepluk het...

"Hallo, Ouma." Ek gaan staan by haar. Haar oë is oop, maar dit lyk nie of sy my gewaar nie. Haar nagrok het fyn, pienk blommetjies op. Fyn, pienk blommetjies pas nie heeltemal by Ouma Plaas nie, dink ek, sit die ruiker op die kassie neer en gaan sit op die bankie langs die bed. Ek verkyk my altyd aan Ouma Plaas se hande: die blou are onder die dun oumensvel, die kneukelrige vingers. Hande wat eens op 'n tyd tertjies gevou en tamaties gepluk het, vuur in koolstowe gemaak het en besorg aan koorsige voorkoppe gevat het. Hande wat nou stil op 'n wit laken lê.

"Slaap Ouma?" vra ek.

Maar Ouma reageer nie.

Êrens gangaf speel musiek.

Dit klink na Mantovani se weergawe van die Elizabeth Serenade.

Ek staan weer van die bankie af op, onseker of ek my hand moet uitsteek en aan Ouma raak. Ek gaan staan by die wasbak voor die venster en probeer om nie die valstande in die blikbeker op die rakkie raak te sien nie. Buite onder die afdak staan Huis Willie Posthumus se kombi. In die koelte van 'n seringboom sit 'n vrou aandete se aartappels en skil.

Ek gaan staan weer by Ouma. Wie is dit wat altyd bottels Oros-aanmaakkoeldrank vir siek oumense gee? wonder ek, en gaan sit weer op die bankie.

Die Zobo se wysers hink in die rondte.

Vier minute gaan verby. Vyf. Ses.

Ek tel die Vicks potjie van die kassie af op, draai dit oop en ruik daaraan. Dit is ook 'n reuk wat ek al vergeet het.

Net toe ek weer opstaan, lig Ouma haar kop en kyk na my.

"Hallo, Ouma. Hoe gaan dit?" Ek vat na haar hand.

Dit is koud.

"Wie's jy?" vra sy en trek haar hand stadig onder my vingers uit.



KAMMANUUS VERSKYN NOU EERS WEER IN DEETSEMNER!